# Kranspoort Bulletin

Someruitgawe 2023 | Volume 12

## Kaleidoskoop

R25.00



### In hierdie Bulletin

01. Algemene Jaarvergadering

02. Carina Koelman gesels weer oor Kranspoort as ekostelsel.

03. Ons stel aan u bekend: Ons Direksie

04. Izelle Bekker wys haar fotogallery

## Welkom in 2023

Teen die tyd dat jy hierdie eerste Bulletin van 2023 lees, staan ons al enkeldiep in die nuwe lewensjaar. Met 'n terugblik oor 'n besige 2022, was ons Kranspoorters weer eens geseënd en bevoorreg om hier te wees. Dit was 'n jaar van goeie reën, gesonde ekostelsel, min misdaad en baie nuwe vriendelike gesigte in ons pragtige dorp.

Elke jaar bring ook verliese en nuwe toevoeging mee. By die Bulletin is dit ook so. Ons het vir Trisha asook vir Hester gegroet, maar ook weer nuwe lede verwelkom. Ons nuwe lede is Karin Kooyman, wat met ons advertensies en finansies sal help, asook Henriëtte Pieterse as verslaggewer. Baie welkom, en baie dankie.

Ons tema vir hierdie uitgawe is "Kaleidoskoop", oftewel 'n kleurespel. Onthou jy jou kindertyd-speelding? So langerige, pyperige affêre. Eenkant 'n gaatjie waarin jy kyk, mik na die lig of son toe en draai dit in die rondte om die kleurespel voor jou oog te sien afspeel. Dit het my aan Kranspoort, veral in die somer, laat dink. Al die kleure en klanke rondom ons. Ons leef in 'n kaleidoskoop van kleur en wonder. 'n Kaleidoskoop van plante en diere en kleurvolle, interessante mense.

Geniet hierdie Bulletin en 'n heerlik somer.
Wanda Underhay (Redaktrise)




## Johan gesels...

Ek skryf hierdie terwyl die son die pragtige groen gras wit brand. Die oorvloedige reën het skielik opgedroog. Donderwolke pak gelukkig saam en ons hoop op spoedige verligting van die hitte.

2023 started with a bang. The visitors had barely left when preparation started for the Annual General Meeting. Thank you, for the great attendance and the positive attitudes, while listening to and accepting all business matters during the meeting. It made me proud to be part of this community.

We welcomed many new residents who attended the meeting for the first time. I am sure not all of you were able to attend. Welcome to all new residents and everyone else returning safely from long journeys. May the new year bring you the joy of good health and peace.



Foto: Ellen de Jager

Continue on page 9

## Algemene Jaarvergadering

Op 14 Januarie 2023 het die jaar se algemene vergadering by die Raasblaarsaal plaasgevind.



Gedurende die 2022 AJV. *"Tong in die kies" – waar is die res van die 'broekman' in die voorste ry? – Red.*

### 2022 Finansiële terugvoer

Volgens Dries Lategan, Direkteur Finansies, is die finansiële staat van Kranspoort huidig relatief gesond.

Die aanskaf van sekere noodsaaklike items was nodig in 2022. Onder andere moes die kragopwekker vir die watersuiwerings-aanleg aangekoop en die TLB vervang word. Streng beheer word egter op alle kostes en spandering toegepas. Vir elke kapitale uitleg word 'n besigheidsplan ingedien en goedgekeur voor met die werk begin word. Nuwe projekte word jaarliks in die begroting ingewerk en daarvolgens bestuur.

Aan die einde van 2022 is die begroting hersien, met die verhoging in inflasiekoers en ander veranderings gedurende die jaar in ag geneem.

Die boodskap is egter dat Kranspoort se finansies 'n positiewe balans vir 2022 gelewer het. Weens die positiewe finansiële staat, sal verhogings van tariewe en water eers weer in Junie 2023 hersien word.

Invordering van heffings is steeds 'n uitdaging. In 'n poging om groter begrip en insig van inwoners en hulle redes vir agterstallige skuld en persoonlike uitdagings te verstaan, is 'n klassifiserings-stelsel ingestel wat nie-betalings klassifiseer. Dit stel die KEK en vrywillige skenkers in staat om hulp te verleen indien en waar nodig.

Die eksterne ouditeur verslag is beskikbaar by die Administrasiekantoor. Alternatiewelik kan Dries of Christo gekontak word vir die bespreking van Kranspoort finansiële sake.

### Aanstelling van buitelandse werkers en die probleme wat dit vir die werknemer kan inhou. (deur Anzel Roux)



Anzel maak gereed vir haar aanbieding gedurende die AJV in Januarie

Die Departement van Arbeid is aan almal bekend, heel waarskynlik as werknemer of werkgewer.

Een van die hooffunksies van die Departement van Arbeid is om inspeksies af te lê by enige plek waar daar 'n werkgewer-werknemer verhouding bestaan om te verseker dat:

1. Die werknemer bewus is van sy/haar regte in die werksplek.
2. Die werkgewer ooreenkomstig die voorskrifte van relevante wetgewing teenoor sy werknemer optree.

Die vraag is nou: wanneer onstaan daar 'n werkgewer-werknemer verhouding? Wanneer en hoe skryf die wet voor, moet die werkgewer na die werknemer omsien?

*As voorbeeld: "..ek het 'n tuinjong. Hy kom werk net eenkeer per week, so eintlik is hy net 'n tydelike werker (casual). Is ek verantwoordelik vir hom?".*

Die wet is duidelik hieroor: sodra 'n werknemer vir langer as 24 uur in 'n maand-periode by dieselfde werkgewer spandeer, word hy geag as 'n werknemer van daardie werkgewer in terme van die wet op basiese werkverhoudings.

Een van die struikelblokke wat werkgewers deesdae in die gesig staar is die indiensneming van buitelandse werknemers met of sonder geldige werkspermitte.

Die volgende punte is baie belangrik:

1. Wat is die risiko, as werkgewer , indien 'n buitelandse werknemer in diens geneem word?
2. 'n Buitelandse werker is reeds in my diens geneem, wat is die regstellende aksies/ prosedures nou?

**Artikel 38(2) van die Immigrasiewet skryf die volgende voor:**

*"No person shall employ: (1) An illegal foreigner; (2) A foreigner whose status does not authorise him or her to be employed by such a person; (3) A foreigner on terms, conditions or in a capacity different from those contemplated in such foreigners status."*

Die artikel gaan dan voort en bepaal: "*A duty is placed on an employer to make an effort, in good faith to ensure that no illegal foreigner is employed by it and to ascertain the status or citizenship of the persons it employs. The liability thus rest with the **employer***"

Vir Zimbabwe werkers is hul sogenaamde vensterperiode (grace period), weer verleng tot Junie 2023. Enige ander buitelandse werknemer sal hierdie visa byderhand moet hê sodra sy huidige permit verval, maar aan die anderkant van die lyn staan daar steeds die werkgewer en die verpligtinge wat op hom rus.

Indien'n buitelandse werknemer wel in diens geneem is en die Department van Arbeid kom lê besoek af, sal die werkgewer die volgende bewys moet toon:

1. Die werknemer se werk wat hy verrig is **gespesialiseerd** van aard en kan nie deur 'n Suid-Afrikaanse burger uitgevoer word nie.
2. Die werkgewer het ook 'n Suid-Afrikaanse burger in diens. Die buitelandse werknemer is egter in die proses om die Suid-Afrikaanse werknemer op te lei. Dus sal die Suid-Afrikaanse werknemer uiteindelik die werk by die buitelander oorneem en laasgenoemde sal diens verlaat.

Dus, die volgende advies aan enige werkgewer: (lees meer op bladsy 21)

## Oprigting van 'n gedenkmuur in Kranspoort.

Gedurende die AJV het Fonnie van Vuuren 'n voorlegging gedoen en betoog vir die oprigting van 'n gedenkmuur binne Kranspoort. Hierdie gedagte het reeds in die beginjare van Kranspoort ontstaan, maar het nooit tot uitvoer gekom nie.

Die doel van die muur spreek 'n definitiewe behoefte by Kranspoorters aan, as herinnering van afgestorwe geliefdes. Huidig word klipstapeltjies en kruisies op verskeie plekke in Kranspoort opgerig om daardie behoefte aan te spreek. Dit is egter nie ideaal nie. Dus is die beplanning vir die oprigting van 'n gedenkmuur weer in die lewe geroep. Fonnie, as aangewese persoon, het 'n span bymekaar gebring, verteenwoordigend van elke gedeelte van die dorp. (Bome, Bokke, Visse, ens).

Die projekspan is versoek om al die potensiële geskikte plekke binne Kranspoort vir die oprigting van 'n gedenkmuur te ondersoek en 'n kortlys saam te stel. Hulle het ook kriteria ontwikkel wat, onder andere, insluit: Die gedenkmuur moet maklik bereikbaar wees vir alle voertuie, verkieslik ook binne loopafstand, in 'n stil area wees en duidelik geïdentifiseer kan word.

Uitgawes vir die projek sal grootliks deur die Woemaspan gedek word.

Daar is reeds konsepplanne deur 'n arigitek ontwikkel en aanvaar. Die muur sal plek vir 42 nissies (boksies of plekkies in die muur) kan huisves, waarin die as van afgestorwe oud-Kranspoorters geplaas kan word. Elke nissie sal met 'n steen toegerus word waarop woorde van eie keuse aangebring kan word. Die nismuur kan mettertyd uitgebou word indien nodig. Die vergadering gee algemene mandaat om voort te gaan.

**Kom ons spreek persepsies aan**

Daar is gevind dat sekere persepsies aangaande Kranspoort rondgaan. Hier is so paar feite rondom stigtingsvoorwaardes, reëls en KEK (Kranspoort Eienaars Kommittee):

- Kranspoort-statistieke: 529 erwe, waarvan 34 gekonsolideer is. (dus 495 erwe)
- 471 Eienaars in die dorp waarvan 380 KEK lede is.
- KEK, insluitend 'n groep direkteure, is in 2006 gestig om na die gemeenskaplike belange van die eienaars om te sien.
- KEK is 'n wettige organisasie.
- Die vorige direksie het besluit dat die oorspronklike stigtingsvoorwaardes aangepas en verander moet word.
- Stigtingsvoorwaardes, soos in die aanvanklike stigtingsdokumentasie voorkom, is nooit verander om voorsiening te maak vir 'n moderne landgoed nie. (Dokumentasie is beskikbaar op die Kranspoort Vakansiedorp-webwerf).
- Die aansoek vir die verandering van voorwaardes is al voor COVID by STLM (Middelburg Stadsraad) ingedien.
- Einde Oktober 2022 het die eerste sitting met die Tribunaal plaasgevind om die verandering van die stigtingsvoorwaardes aan te spreek.
- Kranspoort se eienaars- en inwonersreëls is deur KEK ontwikkel.
- Hoewel sommige reëls uitgedien is (en binne die volgende twee jaar hersien sal word), is alle reëls steeds geldig en op elkeen van toepassing.
- Oortreders van reëls word aangespreek en sal as finale stap aan 'n prokureur oorhandig word om formele regstappe te begin.
- Elke Kranspoort eiendom is as voltitel geregistreer. Enige veranderinge in die stigtingsvoorwaardes sal geen invloed hierop hê nie.
- Die gemeenskaplike belange sluit in: die dorp, die wildsplaas, die wild, die infrastuktuur, die brandpaaie, die brandkrane, watervoorsiening, die gholfbaan ens.

**SANRAL en die veiligheid van Kranspoortpas.**

Gebruik van die pas is vir elke Kranspoorter 'n ernstige saak. Daar is aangetoon dat daar in en om die pas al sowat 20 sterftes aangeteken is. Besoedeling het 'n groot impak op die pas, rivier, plase en damme in die omgewing.

Johan Hamman het aangebied om as Kranspoort se verteenwoordiger elke drie maande met SANRAL te vergader. Johan Hamman en Johan Cross het ook reeds verskeie gesprekke met ander betrokke partye gevoer, ter verbetering van die veiligheid van die pas.

'n Projek is by SANRAL geregistreer om die probleem aan te spreek, insluitend die aanstelling van 'n ingenieur om ondersoek te doen en verslag te lewer. Johan het egter sy misnoeë uitgespreek oor die huidige aksies en die spoedhobbels wat as waarskuwing moet dien. Daar is aangedring op meer intense stappe. 'n Voorstel vir die aanbring van 'n tydelike verkeerslig of stop, wat voertuie dwing om tot stilstand te kom aan die begin van die pas (rigting Loskopdam), is by SANRAL ingedien. Daar word voortdurend druk op SANRAL geplaas om die ongeluksrisiko van die pas te verminder.

**Sekuriteit**

Veiligheid in Kranspoort word voortdurend gemonitor, bespreek en beplan. Oor die rapporteringstydperk is daar slegs een diefstal gerapporteer, waar sonpanele gesteel is. Die diewe is op kamera opgemerk. Hulle is gevolg, die panele herwin en aan die eienaar terugbesorg.

Daar is steeds heiningspanne wat al Kranspoort se heinings op 'n weeklikse basis inspekteer. Dit word gedoen deur vrywilligers wat dit as deel van hulle staproetes verken en selfs regmaak waar daar wel gate of swakplekke voorkom.

Daar is 'n sekuriteitsgroep van so sewe of agt Kranspoorters, onder leiding van Johan Botha, wat die sekuriteit van Kranspoort monitor, risiko's identifiseer en aanspreek. Hulle het verskeie aksies en metodes wat hulle aanwend om Kranspoort 'n veilige plek te hou. Een so metode is kameras wat oral rondom die dorp, op strategiese plekke, geïnstalleer is en dag en nag gemonitor word.

Inwoners word aanbeveel om by die buurtwaggroepe aan te sluit. Elke dorpsdeel het 'n buurtwaggroep met 'n wykskoördineerder. Die doel hiervan is dat bure bewus is van mekaar se bewegings en bure mekaar se woning kan dophou gedurende afwesigheid.

Binne Kranspoort het heelwat inwoners reeds tweerigtingradio's aangekoop. Die radio's het 'n reikafstand regoor die hele plaas, wat verseker dat iemand 'n noodroep sal hoor. Die sentrale frekwensie word ingestel en so kan inwoners onmiddelik hulp ontvang indien dit nodig is, selfs gedurende beurtkrag onderbrekings.

**Kranspoort kry nuwe webblad**

Besoek gerus Kranspoort se splinternuwe webwerf by:

http://www.kranspoortdorp.co.za

Kry daar:


Kranspoort belangrike dokumentasie en inligting.

Al die vorige Bulletin's

Kaart

Pragtige foto's en vele meer.




**Proposal to purchase property neighbouring Kranspoort's eastern border.**

*During early December the KOC received a proposal to buy 450 h property adjacent to our eastern fence. In summary the following regarding the proposal.*

- The property is 450h undeveloped land used as a cattle farm for many decades.
- There are no boreholes on the farm but is close enough to our own borehole at "Jopie-se-Pos", where we have enough water to serve the needs of game on the adjacent farm.
- The price offered is R10 000.00 per hectare, thus about R4,5 million.
- The eastern portion of the farm is not fenced for game and the other fences, apart from our own, exist but need attention.
- The condition of the veld is excellent for grazers and due to the topography of the land it offers spectacular viewing with easy access for game drives, cyclists and hikers. A great variety of trees grow on the property for browsers and birds to enjoy. During January/February an owners questionnaire is circulated to obtain a general feeling with regards to the various purchase options. Depending on the outcome of the questionnaire, a meeting will be sheduled to discuss further action.

**Kranspoorter van die jaar en vriend(in) van Kranspoort word aangewys.**

### Kranspoorter van die jaar

Pieter Kritzinger



Vir passie en uitmuntende deelname en dienslewering. Hoofsaaklik met betrekking tot sekuriteit, onder andere installasie en monitering van sekuriteitskameras. Pieter is egter 'n sleutelpersoon binne Kranspoort om enige hulp te verleen waar hy kan, selfs in die middel van die nag.

### Vriend van Kranspoort

Carina Koelman

Departement van Natuurbewaring



Carina is baie nou betrokke by Kranspoort se natuurbewaringsbeplanning en -aksies. Sy huiwer nie om haar kennis en raad met Kranspoort te deel nie. Haar bydrae tot Kranspoort se wilds-plaasbestuur is van groot waarde en word waardeer.

## OPERATIONAL REPORT / OPERASIONELE VERSLAG - Christo Landman

(deur Helena Lourens)

Christo and his team has solved the WATER supply problem caused by loadshedding! In order to provide a constant flow of water from our dam to the water works, to the reservoirs, and finally to the consumer, electricity is needed. Increased loadshedding did not help. New generators were purchased and installed. It is interesting to know that our electricity supply comes from two directions. The golf course area receives electricity from Middelburg. The water works and town area receives electricity from direction Groblersdal. Two generators were needed. Well done, Christo and team, to have accomplished this, even though it was holiday season.

WATER in Kranspoort is distributed from three directions. The golf course and Golf Estate receives water from a borehole between the N11 and Kranspoort Drive. The northern town area receives water from the Karee tank. The south and eastern side of the town receive water from the Tower tank. It is interesting to note that the Karee area is using the most water by far, even though the area has less houses. Are there more swimmimg pools, less bore holes or more extravagant gardens? Could be an investigation for someone?

Met al die reën die afgelope tyd, was daar erge reënskade aan die paaie. Vroeg in Januarie het die span skouer aan die wiel gesit en is daar nou nie meer natuurlike spoedbrekers nie. Ten tye van die ter perse gaan van die Bulletin, is die paaiespan op die hoek van Valk- en Bosduifstrate besig om 'n V-drein vir waterafvoer te bou. Nog sulke werk is in beplanning. Dit is duidelik dat insig in die water se natuurlike vloei nodig is. Dan moet ook in aanmerking geneem word waar die pad loop en ook waar Kranspoorters reeds strukture by hul ingange aangebring het – geen eenvoudige beplanning nie.

Wat ons wild betref, is ons baie geseënd met 'n aanwas van 80%. Met die baie reën is ons veld geil en daar is genoeg kos vir nou. Met so 'n hoë aanwas moet diere voortdurend uitgedun word en byvoeding voorsien word. Daarom is die bestuur opgewonde dat dit in beplanning is om moontlik addisionele weidinggrond aan te koop. Christo hoop die droom sal realiseer.

Bestuur is bly om te sien die mense van Kranspoort begin die waarde van inheemse plante besef. Meer mense bring ook nou naamplaatjies op hul bome aan.

In ons kantoorgebou is 'n biblioteek waarvan ons nuwe inwoners dalk nie weet nie. Baie dankie aan ons eie bibliotekaresse wat dit so netjies versorg. Die biblioteek word op 'n eerlikheidsbasis aan alle Kranspoorters beskikbaar gestel. Klop gerus by Anna-Marie by ontvangs aan om te hoor waar dit is.

Ons weet mense kla maklik en sê minder dankie. Christo sê sy gevoel is dat Kranspoort tevrede is met die stand van sake: hy meet tevredenheid aan die graad van klagtes wat hy ontvang. Dankie Christo en span!

## Ontmoet ons Kranspoort Direksie (deur Henriëtte Pieterse)

*Oor die volgende paar uitgawes wil ons graag Kranspoort se Direksielede aan die gemeenskap bekendstel. By vele is hulle reeds ou bekendes, maar daar is ook baie nuwe intrekkers, wat hulle nog nie ontmoet het nie. In hierdie uitgawe het ons die eerste twee direkteure genader. Henriëtte het met hulle gaan gesels en so bietjie meer oor hulle rol en menswees gaan uitvind.- Red.*




**RUDI KRUGER** – Onder-voorsitter; Bou- en Spesiale projekte asook Tegniese aspekte en Paaie.

"Hier is dit lekker" sê Rudi met 'n breë glimlag op sy gesig, in antwoord op die vraag waarom hy en Ingrid 20 jaar gelede besluit het om in Kranspoort te kom bly. Hy glo dat deur eerlikheid en deursigtigheid, hy graag sal wil sien hoe Kranspoort van krag tot krag gaan.


Sewe jaar gelede is Rudi verkies as direksielid met die portefeulje Bou- en Spesiale Projekte, maar mettertyd het sy verantwoordelik uitgebrei na alle tegniese aspekte, paaie, water, onderhoud asook alle masjiene en gholfbaan masjinerie. Die ervaring en kennis wat hy oor die jare opgedoen het as lid van die direksie, help hom dikwels om vrae te kan beantwoord oor infrastruktuur, ens.

Rudi was sy lewe lank betrokke by die siviele konstruksiebedryf en hy het reeds van skooltyd af belanggestel in die oprigting en beplanning van strukture. Ook beskik hy oor boerdery agtergrond, was betrokke by die vervoer van steenkool, asook die oprigting van betonwerke, damme en ander siviele projekte.

Die goeie reën wat ons almal so waardeer, het ongelukkig veroorsaak dat daar ernstige herstel en onderhoud aan die paaie gedoen moet word. Dit is 'n prioriteit van die tegniese span om so gou moontlik die paaie weer te herstel.

Baie uitgawes moes oor die laaste 18 maande aangegaan word waaronder daar twee kragopwekkers wat vir die waterwerke aangekoop moes word. Die reservoirs is vergroot en opgegradeer om die noodsaaklike voorsiening van water te verseker. Die gehalte van die water op Kranspoort is veilig vir menslike en huishoudelike gebruik en aansoek om die "Blue Drop"-status te hernu, is tans in proses.

Rudi noem dat die gemeenskap bestaan uit enersdenkende mense wat trots is op hul geskiedenis en mekaar maklik aanvaar. Hy sien ook die inwoners as mense wat die natuur geniet en waardeer. Verder het Rudi reeds beplanning gedoen vir die opdatering van die sekuriteitshek en doen 'n beroep op al die eienaars om hul heffing te betaal. Hierdeur kan verskeie verbeterings aangebring word wat almal se lewe sal verbeter d.m.v. meer geriewe, veiligheid en sekuriteit.




## **DRIES LATEGAN** – Finansies

"Rus vir jou siel"- dis hoe Dries Lategan Kranspoort beskryf.

Vandat Dries en Alta in 2015 hul intrek hier geneem het, geniet hulle die natuur, wild, voëls en pragtige uitsigte. Sy doel hier op Kranspoort is om die Here te dien en in diens van die gemeenskap te staan.

Die verskeidenheid van mense en die natuurskoon van Kranspoort het hulle getrek om hier hul tuiste te maak en hulle het gou ingeskakel by die Gemeenskapskerk. 3 Jaar gelede is Dries verkies as Finansiële direkteur.

Benewens sy agtergrond as bedryfsingenieur by Yskor, het hy ook gekwalifiseer as mynbou ingenieur en by verskeie myne as mynbestuurder gewerk.

Hy het ook sy eie privaat konstruksie-onderneming bedryf voor hy teruggekeer het na die mynbedryf by Sasol.

By Sasol Mynbou het hy leiding geneem in die oprigting van Sasol Mynbou se steenkool uitvoerbesigheid en gewerk as mynbestuurder tot sy aftrede in 2015 as Algemene Bestuurder. Hy verteenwoordig Sasol Mynbou by ondersoeke van nuwe steenkool- na-brandstofondernemings(CTL) in die buiteland en die vestiging van nuwe myne binnelands.

Hy is 'n man wat glo dat streng finansiële bestuur van kardinale belang is vir enige besigheid, en so ook vir Kranspoort. Daarom is daar streng maatreëls ingestel vir beheer oor alle uitgawes en inkomste van KEK.

Dries noem dat Kranspoort finansiëel gesond is. 'n Voorbeeld hiervan is dat verskeie projekte verlede jaar befonds is uit eie fondse soos onder andere die oprigting van die nuwe water reservoirs.

Die Kranspoort gholfbaan is nou al vir 'n ruk lank finansiëel selfonderhoudend en mense kom van heinde en verre om hier te kom gholf speel.

Dries en Alta is reeds 49 jaar getroud en het 5 kinders en 8 kleinkinders.

## **Kranspoort Direksiespan vir 2023**

















*Jakes Scholtemeyer is pas aangestel as direkteur Gholfbaan. Veels geluk Jakes - Red*

## **Johan gesels....** (continue from front page)

Please consider joining one of our many resident-inspired social or sporting activities. Most will contribute to this Bulletin. Make sure you are on the WhatsApp groups. Some groups are very chatty, but many provide excellent information to make your stay easier and interesting. Avoid panic due to poor MTN and Vodacom coverage. Buy a two-way radio and be part of our emergency group. It saves lives. Who knows, maybe your own. Contact the office for more information.

Congratulations to Jakes Scholtemeyer who was elected director of golf and Rudi Kruger who was re-elected as Director of Technical Services. Theo Hurter was co-opted to assist with membership issues. It is a concern that very few people are willing to become part of the Board. Please join the various committees and participate in guiding the Board in their decision making.

Gedurende die vergadering het ons oor die aanbod van ons oostelike buurman, gesels. Die aanbod behels die potensiële aankoop van addisionele 450 hektaar grond, aangrensend aan ons wildsplaas. Die inligting is deur die oorgrote meerderheid baie positief ontvang. Verdere inligting en 'n vergadering volg binnekort. Daar sal ook per WhatsApp en e-pos gekommunikeer word.

The main reason why we are interested in buying the property, is to conserve unspoiled land attached to our farm, as inheritance to our children and hopefully their children. Without going into detail, it will also assist us with our security. Undoubtedly it will improve the value of our property. Make sure you read and understand the communication and attend the upcoming meeting. Please do not hesitate to contact me should anything be unclear. Please do not base your decision ONLY on hearsay or perceptions.

Dankie aan ons KEK personeel onder die bestuur van Christo Landman wat gedurende die feesgety hard gewerk het om stormskade op te ruim, water te suiwer en honderde vakansiegangers te hanteer. Julle is ysters.

Dit gaan goed met ons, want u vertel almal dat dit goed gaan. Ons eiendomme verkoop soos soetkoek. Doen so voort. Dit is en bly u plek waaroor u besluite neem deur u lidmaatskap en betaling van heffings.

Mooi loop.

Johan Cross

0837090227

## **Voëlstrate hou braai**



Manne weet hoe om te braai en te kuier, maar vroue weet hoe om pret te hê.



# Kranspoorters en hulle dinge

## Woemas hou Boeredans (Kranspoort jaareindfunksie) (deur Hester Hattingh)

Die Woemaspan het op 3 Desember weer eens 'n volgepakte Raasblaarsaal met hul boeredans getrek! Die Kranspoorters was lus vir kuier en daag op in kakies, kruisbande, kappies en dansskoene. Daar moes ekstra tafels en stoele ingedra word om addisionele gaste te akkommodeer, want ons wys immers niemand weg nie. Op die ou end was daar 103 boeremanne en -vroue wat die saal aan die brand gedans en gekuier het saam met die uitstekende musiek van Jaco, wat onophoudelik tot Middernag gespeel en gesing het!





Verskeie pryse is uitgeloof vir "on the spot"-danse en groot dankbaarheid word getoon vir wonderlike mense in Kranspoort wat van die pryse geborg het. Onder andere het 'n weldoener al die vleis geskenk. Baie dankie daarvoor.



Oom Japie en Oom Kallie het die verrigtinge buite die saal fyn dopgehou. (Dit was die handewerk van Willie en Patrys Steinmann). Oom Japie sit nou weer op sy plek by die Steinmann se huis in Houtkapperweg met 'n lekker vars bier en Oom Kallie het hom tuisgemaak in die tuin aan huis van Kobus en Hester Hattingh in Karpsingel. Julle kan gerus kom dagsê!

Op die spyskaart was varsgebakte broodrolletjies, hoenderpastei en bobotie, groenbone en soetpatats. Laastens is jellie, vla, room en roomys as nagereg bedien. Boerekos so reg vir 'n boerefees!



Al die jolyt is egter nie te versmaaie nie. Die Woemas wend hulle inkomste aan vir die uitbouing en verbetering van Kranspoort se gemeenskapsareas. Onder andere is 'n besproeiingstelsel by die piekniekterrein geïnstalleer om die gras aan die groei te kry. Fonnie en sy span het hard gewerk om dit te bewerkstellig en ons kan een van die dae met trots hul handewerk waardeer met pragtige groen grasperke!

Ja-nee, die Woemas hou nie net partytjie nie, hulle bou Monumente in Kranspoort!!

# Fotogallery

## ‘n Kaleidoskoop van kleur deur Izelle Bekker



Bloukopkoggelmander

*Izelle is ‘n Kranspoorter met ‘n groot passie vir fotografie. Ons het haar die geleentheid gebied om haar werk te wys en ook bietjie van haarself te vertel - Red.*

‘”My liefde vir kinders en sport het tot die aanskaf van ‘n kamera gelei. Die hoofdoels was om sportfotos te neem. Toe my kinders klaar is met skool, kon ek Kranspoort en die natuur meer geniet. Ek ontdek toe eendag hoeveel mooier voëls deur die kamera se lens is as met die blote oog. So byt die voëlkyk-gogga my behoorlik en sluit ek by die Geveerde Vriende groep aan. Maar so tussendeur leer ek foto’s neem met die hulp van Youtube opleidingsvideo’s. Ek het geen kursus gedoen nie en hou maar net aan oefen. Voëls in vlug is my nuutste uitdaging, maar ek dink dit raak tyd vir ‘n kursus of twee, want ek sukkel...Ek het ongelukkig nie baie tyd hiervoor nie, aangesien ek ook nog as prokureur in Middelburg werk en my kliënte bedags my eerste prioriteit en fokus is.” - Izelle



Redbilled oxpecker with Juv



Kaapse wewer, Cape weaver



Rooibokramme, Impala’s



Heuningby, Bee on flower


Kuifkop visvanger


Huisvlieg, House fly


Rooiwang muisvoël


Blouwildebeeste


Skoenlapper


Rooibors laksman


Kranspoort sonsondergang


Suurpruimboom

## **Die Lekkerloop-stapgroep groei uit sy stewels**. (deur Helena Lourens)



Daar was nog altyd genoeg stappers, wandelaars en drawwers in Kranspoort. Ons sien hulle in die pad en in die veld en op die berge. Soms enkelinge, klein groepies en dan die groot "katlagtergroepe"…

'n Klompie jare gelede kon mens gereeld die katlagters met die pad hoor aankom. Dit was voorwaar 'n raak beskrywing vir die groepie. Johan Botha met sy stapstok oor sy skouers, was altyd op die voorpunt, met Rentia kort op sy hakke – 'n kaleidoskoop van kleure en stemme het met die paadjies langs geloop. Johan het ook by geleentheid 'n stap gereël vir kindergroepe, soos onlangs weer vir 'n kleutergroep en hulle ouers.

Met die koms van misdaad in Kranspoort, het die behoefte onstaan dat Kranspoort se grensdrade gereeld geïnspekteer moet word. Die Heiningspan is in die lewe geroep. In Julie 2022, vra Johan vir Deon Taljaard om met behulp van die heiningspan 'n staptog te reël. Jongspan en kierie-draers het in groot getalle opgedaag. 'n Prettige gees het onder die stappers geheers en almal het spontaan begin gesels oor die vooruitsig van gereelde staptogte.



Op Vrydag , 25 November 2022, word die WhatsApp-groep vir Lekkerloop stapgroep amptelik geskep. Die groep bestaan tans uit 100 lede.

28 Desember 2022.

Gewapen met stapstok, hoed en waterbottel, is ons stappers weer op die pad: Vanaf Deon se huis aan die bopunt van Kranspoortrylaan na Aalwynsingel, deur die droë rivierloop en kloof in Vaalkop se rigting, met die bergpaadjie af tot by die voëlskuilng, deur die laventelbos, verby Jopie se Pos en terug. Panorama op panorama, kleurvolle geluide, kleurryke geselskap….Wat meer kan 'n mens vra?



3 Januarie 2023.

Die roete loop hierdie keer deur die Ystervarkkloof… ja, die ystervarke se blyplek is daar onder 'n oorhangende rots. Vandaar stap hulle tot by die piekniek area bo-op die plato, waar ook toiletgeriewe is. Van hier af kan stappers opgelaai word of terugstap met Kareestraat langs. Die ander stap verder oor die kettingleer tot by die Raasblaar-saal.



Dankie, Deon en die heiningspan, vir uitstekende reëlings en voorsorgmaatreëls om die pret en kleur in die staptog te verseker.

## Desember in Kranspoort (deur Helena Lourens)

Desember is Vakansietyd, Feesviertyd, Familietyd en Kranspoort bruis en borrel. Die Woemas skop af met n Boeredans op 3 Desember 2022. Kranspoort Mark hou die grootste mark nog ooit by die gholfbaan op 10 Desember. Daar word gegholf en gejukskei, gestap op ons staproetes, gehengel, gebraai en gekuier en gelag…



Desember is ook, en veral, Kersfeestyd. Daar is kersfeesliggies in tuine, kersvader kom weer op sy 'slee' met Kranspoortrylaan afgery, laai kinders op die wa en deel lekkergoed uit….

Kerstyd is jubeltyd. Met Kranspoort se nagtegale as voorsangers, hou Kranspoort Gemeente 'n Kerssangdiens in die Raasblaarsaal. Ds. Anton het skaars afgesluit, toe die dans van die reën begin en strome van seëninge op die dak neerstort. Die voorgenome piekniek word toe 'n heerlike kuier in die saal.

Desember is ook die tyd wat eensames meer eensaam voel….afgeskeeptes, meer afgeskeep…Dis 'n tyd wat ons dink aan hulle wat ons vooruit gegaan het. Dis die tyd wat ons hand moet uitsteek en GEE – van onsself en van ons middele.

Die afgelope vyf jaar is hier n groepie Kranspoorters wat saam met ander omgee vir die kinders van Wonderhoek-kinderhawe. Deur die jaar stel hulle, hulself ten doel om by geleentheid kinderharte bly te maak en spesiaal te laat voel. Die kinders het al 'n staproete hier by ons kom stap.  Die hoogtepunt van die jaar bly Kersfees. 2022 is 'n kersboom gehou by die Raasblaarsaal. Daar is gepoog om aan die kinders se "versoeke aan kersvader" te voldoen. Soveel dankbaarheid is die grootste geskenk wat "kersvader" ooit kan kry.

Ja, agter al ons bedrywighede, is Kerstyd veral 'n tyd om tot inkeer te kom… om te besin… en om van jouself te gee.

Kranspoort Gemeente het 25 hulpbehoewende gesinne vir wie hulle deur die jaar help ondersteun. Vonkelvroue brei serpe en komberse vir uitdeel waar nodig in die winter. Iemand bak koekies. Iemand stuur geskenkies na drooggeteisterde gebiede en iemand skryf n briefie...

## Kranspoort Hengelklub groei in status! (Helena gesels met Piet Knoetze)

Op 10 Desember 2022 is die klub se algemene jaarvergadering gehou, met meer as 50% verteenwoordiging. Met KEK-direksie se goedkeuring, kry die hengelklub 'n mandaat om die rivier-area en die hengelarea by die dam, te bestuur en eko-vriendelik te bewaar. Die klub kan dit onderneem, aangesien hulle finansiëel onafhanklik is. Let wel: Voëlkykers, stappers, natuur-bewonderaars,  ALMAL is welkom om die area te beleef en die stappaadjies se panorama uitsigte.



Piet wys daar is mooi vis in ons Kranspoortdam.

Die hengelklub wil dit net sterk onder almal se aandag bring dat die teeldam vir kurpers asseblief gerespekteer moet word! (hierdie eko-projek is geleë tussen die ou- en nuwe visvangarea by die kofferdam.) Daar moet geensins vis gevang word nie. Ook nie ander spesies daarin gegooi word nie.

Enige kurpers is wel welkom in die teeldam.

Dis met trots dat die klub aankondig dat twee nuwe afdakke vir hengelaars voltooi is. Die proses is ook aan die gang om by elkeen 'n braaiplek te bou. Die ou afdak is gerestoureer maar kort wel 'n nuwe dak as iemand dalk 'n voorstel daarvoor het. Die klub het ook nuwe asblikke en borde met hengelreëls oral by

hengel-areas opgerig. Lees asseblief die reëls. Fasiliteite by die rivierarea bly steeds 'n uitdaging,

Die hengelklub bestaan tans uit 96 lede/gesinne. Tariewe vir 2023 bly dieselfde, naamlik R200 per gesin plus huis-besoekers per jaar. Nie-lede betaal R50 per persoon per dag. Vakansiegangers van buite betaal R100 per persoon per dag, en moet deur hul gashere ingelig word in verband met hengelreëls en regulasies.

Ons verwelkom as onder-voorsitter van die Hengelklub, Jakes Scholtemeyer!


Doen so voort, Hengelklub!

(Voorsitter: Piet Knoetze - 082-883 5729)

# Uit die natuur

**Kranspoort se plante en diere.** (deur Elsabé Strydom)







### Koorsboom/Fever tree (Acacia xanthophloea/Vachellia)

Die koorsboom se wetenskaplike naam is Valchellia Xantophloea en word geken aan sy pragtige groen stam met fyn geel poeier op. Die boom het lang, reguit dorings wat in pare voorkom. Vroeë pioniers in Suid Afrika het geglo dat die boom koors veroorsaak, aangesien die mense wat in daardie gebiede gereis het, koors ontwikkel het. Die koors was egter malaria wat deur malaria muskiete oorgedra word. Die boom het 'n vinnige groeitempo en die wortelstelsel kan dalk pla as dit te naby aan plaveisel geplant word. Dit is 'n bladwisselende tot halfbladwisselende boom wat maklik tot 25 meter hoog word. Die koorsboom laat genoeg sonlig deur vir die groei van gras daaronder. n Aanskoulike boom vir veld en tuin.





Hannetjie Senekal en Nico Pienaar kry erkenning vir hulle rol gespeel tydens al die besoekers in Kranspoort om die Koekoek te sien

### Madagaskar Koekoek/ Madagascar Cuckoo (Cuculus rochii)

Die skaars voël het in Oktober 2022 sy verskyning in Kranspoort gemaak en gesorg vir groot opwinding onder voëlkykers landwyd. Nie lank nie of 'n berig verskyn in die Beeld met die opskrif "Voël-kykers koekoes oor die rare avis", ook in die Middelburg Observer en ander streekskoerante verskyn artikels. Volgens Elsie Cross, voor-sitster van die Geveerde Vriende in Kranspoort, is dit maar die sewende bevestigde keer dat die voël amptelik in Suid Afrika opgemerk is en net die tweede maal in Mpumalanga. Trevor Hardaker, voorsitter van Birdlife South Africa se rariteite-komitee, het gesê dat die voëls migreer na Oos Afrika en die een moes verdwaal het. Dit lyk asof dit 'n mannetjie kon wees wat sy gebied probeer afbaken.

Intussen het die Koekoek weer vertrek en moontlik terug na Madagaskar gegaan vir hul jaarlikse broeiseisoen. Ons sal met hoop

## **My plek in die Kranspoort-ekosisteem** (Carina Koelman)


Foto: Hannetjie Kritzinger

Wat is 'n Ekosisteem? Dit is al die diere en plante wat in 'n bepaalde gebied voorkom en hul verhoudings met mekaar en hulle omgewing. Wanneer ons mense die ekosisteem binnedring, moet ons dit op so 'n manier doen dat ons die minste impak op die natuurlike omgewing maak.

Die Kranspoort-ekosisteem, wat tans op die plaas bestaan, was geweldig verwaarloos en mishandel in die verlede. Met die besluit om dit 'n eko-tuiste te maak, het die huidige bestuurspan begin om die ekosisteem te herstel en weer in balans te bring. Aangesien mense reeds deel van die ekosisteem is, is dit die verantwoordelikheid van elke persoon om te help om die Kranspoort-ekosisteem weer gesond te kry.

Almal wat al 'n wyle in Kranspoortdorp bly, kan getuig van veranderings in die plantegroei en dierelewe deur die jare, soms ten goede en soms nie so goed nie.

Op die plaas is daar 3 hoof-ekosisteme wat saam die Kranspoort-ekosisteem vorm, nl. die varswater-, die grasveld- en die gemengde bosveld-ekosisteme. Die hoof verskille is die plantegroei. Plante verskil weens die verskillende grondsoorte en omgewingsfaktore. Net so is daar verskillende dierspesies wat oorheersend by 'n spesifieke planttipe gaan voorkom. Wanneer die weidingskapasiteit van 'n plaas bepaal word, word die faktore alles in ag geneem. Die finale kapasiteit is 'n balans tussen die verskillende ekosisteme se kapasiteit. Die oorheersende dierespesies wat in ruigtes en rondom water voorkom, bv zebras en blesbokke is waar daar groot lappe gras is, bosbokke. Hulle verkies min gras maar baie struike en blaarplante. Koedoes kom in die gebiede voor waar hulle darem op ooghoogte aan 'n boom kan smul. Alle diere is fisies aangepas om die plante te kan benut in hulle natuurlike habitat. Die wat blaartjies en bessies eet tussen digte takke deur, het smal bekke, dikwels met baie beweeglike lippe. Die wat groot happe gras vreet, het breër bekke, met 'n sterk lip wat kan help om harde gras te kou. Daar is egter 'n paar spesies wat nie heeltemal so spesifiek aangepas is nie en kan in meer as een ekostelsel kan voorkom.

Diere sal vermeerder solank daar genoegsame kos en skuiling is. Wanneer een soort egter meer as een planttipe gebruik, beweeg hulle in die areas in waar daar 'n spesie bly wat van slegs een planttipe afhanklik is. Hul enigste voedingsbron begin uitgeput raak en begin sukkel om kos te kry. Soms sal hulle oorskakel na 'n ander planttipe, in 'n ander area, toe. Dit is dan wanneer hulle in groot gevaar van roofdiere sal wees (al is daar nie 'n roofdier nie, is die dier instinktief op sy senuwees). Hulle begin ook plante eet wat nie vir hulle fisiese bou geskik is nie. Weens die spannings-toestand, is hulle weerstand laag en is hulle baie vatbaar vir siektes.

Ons as mense moet die verskillende ekosisteme beskerm, want dit is die habitat van verskillende spesies. Dit gaan nie net oor die kos nie, maar ook oor vertrapping. As daar oral rooibokke is, waar moet die duikers of die bosbokkies gaan? Wanneer een spesie te veel word, moet ons die getalle bestuur. Jy sou sekerlik nie in 'n eko-tuiste kom woon het, as jy nie ook 'n natuurliefhebber is nie. En dit is vir party mense ondenkbaar dat diere geskiet moet word, maar in Kranspoort is dit egter die vinnigste, minste ontwrigtende en ook die goedkoopste metode.

En dit is jou plek in die Kranspoort Ekosisteem – bewaar en bestuur elke verskillende ekosisteem vir versorging van elke spesie in sy eie gemaksone.

Bron: Bothma, J.du.P. 2000. Wildplaasbestuur. Derde Uitgawe. Van Schaik Uitgewers. P8-25.

# Die spreekwoord lui "Nuwe jaar,nuwe dinge". (deur Elsie Cross)

Geveerde Vriende se eerste byeenkoms vir 2023 vind op Saterdag 11 Februarie plaas. Bo en behalwe ons gebruiklike voëlkyk-uitstappie, gaan ons ook drie nuwe voëlspesies wat sedert 10 Desember 2022 waargeneem is, amptelik aankondig. Die spesies is reeds deur kenners bevestig, nl. Nataljanfrederik/ Red-capped Robin-Chat, Europese Wespedief/ European Honey Buzzard,en die Oostelike Rooipootvalk/ Amur Falcon.



Nataljanfrederik/ Red-capped Robin-chat

Hierdie spesies is nie net waargeneem nie, maar duidelike foto's is geneem wat die identifisering kon bevestig. Die amptelike Kranspoort Geveerde Vriende spesietelling is 237. Dit beteken dat die nuwe telling dus 240 gaan wees. Die spreekwoord word met permissie verander na "Nuwe jaar, nuwe voëlspesies".



Wespedief/ Honey Buzzard

All Kranspoorter's are invited to join our club. Normally our meetings are scheduled for every second month on the second Saturday morning. Annual fee of R100 per family is payable. Novice birders are more than welcome to join. Every birding day results in the exchange of interesting facts and information and our latest photo's. If you are not on our Geveerde Vriende WhattsApp group, please contact me (Elsie Cross – 083 236 5547) to add you. It is a well-known fact that only relevant birding information is shared on the group.



Oostelike rooipootvalk/ Amur falcon

Back to 2022. The Madagascan Cuckoo is no longer heard in Kranspoort. However, this bird created a lot of excitement amongst birders. Birders and non-birders visited Kranspoort from all around the globe for what may be a once in a lifetime sighting. We had visitors from Europe, Canada, all provinces in our country and who knows wherever. Nogmaal dankie aan elke Kranspoorter se geduld, hulp en gasvryheid aan voëlliefhebbers sedert 14 Oktober toe die Koekoek die eerste keer deur Nico Pienaar waargeneem is. Ek dink duisende foto's is van die voël geneem, maar Hannetjie Senekal kan spog met die eerste amptelike Kranspoortfoto wat op 15 Oktober geneem is. Beide Nico en Hannetjie is dan ook spesiaal vereer deur KEK vir hul bydrae om Kranspoort op die "map" te plaas. Ons Koekoek is net voor Kersdag vir die laaste keer gehoor. Waarheen hy /sy verdwyn het, sal vir altyd 'n geheim bly.

"Nuwe jaar, nuwe dinge". Ek is opgewonde om te sien watter intessante nuusbrokkies Kranspoort Geveerde Vriende gaan oplewer. Enjoy your personal birding experiences and share your special birding moments on our birding days and Geveerde Vriende Whattsapp group.


**Bulletin Redaksielede**

Redaktrise
Wanda Underhay – 082 941 5051
wandaunderhay@gmail.com

Verslaggewers
Elsabé Strydom – 082 875 0378
Hester Hattingh – 066 270 7728
Helena Lourens - 084 580 6277
Henriëtte Pieterse- 082 565 5159
Johan Botha- 076 332 2773

Proeflesers
Johan Botha
Erna Ruthven
Helena Lourens

Advertensies
Karen Kooyman

## ALWAYS EXCITING NEWS AT THE GOLF CLUB ( Helena talks to Phil Hibbert)

Kranspoort Golf Club is on the go for 2023. The facebook and website is now up and running. All 101 members, as well as non-members are invited to visit this social media.

The club is starting to host Disc Golf too. A new amenity! You can book a disc at the bar and start to practise at the net planted opposite the main office block. A course with 9 nets is already in place. If you can throw a frisby, you can play disc golf.

The Golf Club is now owning 10 Yamaha golf carts and hiring an extra 8 from Easy Go. Therefore 18 carts are available for booking. During the December holiday season, the club peaked bookings to 615 players and 339 carts. We are becoming more and more popular.

Our Ou Toppie team has entered the league for 2023. We wish you success and many happy golf hours.

Interesting statistics show the rainfall on the golf course during 2022 to be the highest in the life time of the course: 929mm. The second highest was in 2009 with 854 mm rain. Although we know rain does wonders to the growth of the grass, we also know too much rain can have a devastating impact on the fairways and greens where golfers and carts go. Thanks to preventative measures taken by Phillip and his maintenance team to protect the course, our fairways are still in pretty good shape.

Kranspoort Golf Club, we wish you success in all the events you have streamlined for 2023. May you succeed in your strive to be one of the top 9-hole courses in the country.

Thank you and all the best to Jakes Scholtemeyer who is now also representing our Golf Club on the Kranspoort Board.

## Jukskei (deur Johan Botha )

Soos gewoonlik was ons jukskeiklub weer woelig die afgelope tyd en bevind ons ons steeds midde-in die huidige ligaseisoen. Spanne in onderskeie afdelings geniet nog van die voorste plekke in die MP Federasie kompetisiereeks.



Vroeg Desember het die klub weer 'n kleurvolle gala-afsluiting gehad en verskeie trofeë is toegeken. Hester Fourie en Johan Botha verower onderskeidelik die klub se vroue- en manstrofeë as spelers van die jaar. Op provinsiale vlakke (gedurende 2022) het hulle verskeie toekennings tydens deelnames verwerf. Leon Ruthven ontvang 'n klubtoekenning as opkomende speler wat die beste vordering getoon het.

'n Groot eer het die klub te beurt geval toe 'n nasionale senior toerspan Kranspoort gedurende Desember besoek het as deel van hulle toerprogram en ter voorbereiding van groter toernooie. Die besoekers kon nie uitgepraat raak oor ons dorp en bane nie.

*Teen die tyd wat u hier lees is die ligaseisoen afgehandel en ons wens alle spanne net sterkte toe. – Red.*

# Inspirasie, stories en geselsies

## Gesondheid: Gaan stap so entjie…




Wanneer ‘n mens die vraag vra wat welstand (wellness) beteken, kry ons die antwoord: "Wellness is the act of practicing healthy habits on a daily basis to attain better physical and mental health outcomes, so that instead of just surviving , you're thriving".

Gedurende die sestigs het Nancy Sinatra die gewilde liedjie "These boots are made for walking" gesing . Sy wou wraak neem op ‘n eks-kêrel, maar stap is een van die maklikste en goedkoopste oefeninge wat ‘n mens kan doen en dit hou nog baie gesondheidsvoordele in.

Navorsers glo die idee van 10 000 treë per dag het ontstaan gedurende 1965 toe ‘n Japanese maatskappy ‘n pedometer "Manpo-kei" of “10 000 treë” ontwikkel het en die bemarking daarvoor gedoen het. Navorsing het bewys dat daar definitiewe voordele daarin is om tussen 3000 en 10000 treë per dag te stap. Dit is toe nie ‘n appel ‘n dag, wat die dokter weghou nie, maar ‘n stappie per dag. Stap word nou deur sommige kenners beskou as die wondermiddel tot goeie gesondheid. Daar is selfs gevind dat ‘n kwartier se stap jou lus vir sjokolade en ander soetgoed kan teëwerk!

* verbeterde buie met die vrystelling van endorfiene.
* Verlaagde bloedsuikervlakke
* Versterkte immuunstelsel
* Verhoogde energie
* Verhoogde lewensverwagting
* Voorkom beenprobleme
* Verbeter kreatiwiteit
* Verbeterde balans

Die bonus is gewigsverlies. Gereelde stap kan ‘n toename in uithouvermoë, krag en soepelheid teweeg bring. Ontwikkel die regte geestelike houding vir ‘n "stadige maar seker"-oefening en moenie verwag om vinnige resultate te sien nie. Om stap deel van jou daaglikse roetine te maak, het te maak met gesonde keuses vir ‘n beter lewenstyl. As ons in die buitelug stap , sal daar ook ‘n toename in vitamien D-vlakke wees. Volgens kenners kan ‘n kombinasie van ‘n goeie dieet en matige fisiese aktiwiteit die aanvang van kardiovaskulêre siektes voorkom. Deur gereeld te stap, word die hoeveelheid suurstof in die bloed verhoog en dit help om helder te kan dink. Soos wat ‘n mens ouer word, kan probleme met balans voorkom en ‘n wandeling is ‘n baie goeie manier om dit te verbeter.

Trek aan daardie stapskoene en begin stap!

Bron: Verskeie artikels op die internet

## **PITKOS** (Annoniem)

Die feestyd is verby. Die nuwe jaar kan dalk lyk soos n steil kettingleer wat moet geklim word. Elkeen van ons het ‘n struikelblok of meer om te oorkom hierdie jaar… Doemprofete help ons nie juis nie. Maar -“Kyk na die voëls in die veld…” hulle jubeltyd hou nie op nie, hulle vier elke dag fees. Hulle is dankbaar vir elke brokkie kos wat na hul kant toe kom. Die

Bosveldvisvangers voer op die oomblik hul hongerige kuikens met ywer en geniet hul dagtaak.

Die ou maroelaboom dra swaar aan sy blarekroon. Die takke buig af, breek selfs onder die gewig… Sy stam staan krom gebuig deur wind en weer.. Tog groei hy boontoe… staan fier en sterk…laat die koel bries toe om tussen sy takke te speel, die voëls, wip van tak tot tak. Hy trek sy voeding op uit die aarde, strek sy takke wyd om beskutting te bied… en kyk boontoe.

Kom ons spreek lewe hierdie jaar. Kom ons sien net die beste in mekaar. Kom ons verstaan die een die ander se pyn. Kom ons wees dankbaar.. kyk vorentoe.. en kyk op…

## Kwêvoël

Mense maar ek was so 'n paar weke gelede groen van jaloesie. Ja, julle het reg gehoor, groen! Hier was mos 'n volksvreemde voël van 'n ander land. Die mense het van heinde en verre gereis om hom te kom beskou, en dit terwyl die karre op duur sous loop! En daar is ons toe sommer ou nuus!

Julle onthou seker hoe warm dit was hier in die vroeë lente. Die een tannie sit mos die ding in haar kamer aan wat so koud maak. Daar val toe sowaar 'n paar slange uit die ding uit en beland op haar bed! Ek gril my morsdood! Sy het glo 'n hele paar gille en spronge gegee...kwê kwê kwê.

Almal van julle weet seker wat is 'n sekelstert. Ek hoor mos anderdag dat een van hulle iemand hier se hele blik verf omgekeer het. En raai wat? Die verfblik was nie behoorlik toe nie....dit was glo 'n taamlike gemors! Die stouterds!!!

Ek vlieg te heerlik rond hier in onse paradys. Jong, so sien ek mos al hoe meer omies met sulke einas op hulle koppe (julle weet mos, hoe ouer, hoe minder is die hare). Hulle kyk seker nie waar hulle loop nie en dan stamp hulle daai kaal koppe. Dalk moet die mooier deel van die tweebeniges vir hulle geliefdes valhelms aanskaf.

So amper het een van onse geliefde inwoners krulhare! Die saak staan so - ons mooie land het mos 'n hittegolf beleef en iemand hier rond se waaier het die gees gegee. Die man van die huis probeer toe self die nodige reparasies doen en viola! Daar gee die ding hom 'n hengse skop sodat sy oge glads oormekaar gekyk het!

Ons kekkel te lekker, want die baas van hierdie paradys van ons sê mos hy het beide geslagte al gesoen (gesien) by oom Cedric se uitkykplek!! Ai die spelling..... Dis amper so erg soos die tannie wat op haar foon getik het dat sy hoes te veel om rond te loop. Sy het per ongeluk die hoes se 's' met 'n 'r' vervang. So julle mensekinders moet mooi oplet!

Hier is sowaar as vet ook 'n asblik krapper in onse dorpie. Die een oom het uit die bure se weggooigoed vir hom ‘n paar goedjies gaan haal.

Pasop, ek hou julle dop!

## Briewebus

*Nuwe dinge vir hierdie nuwe jaar… Ons begin 'n briewebus. Hier kan lesers alias Kranspoorters steeds hulle sê kom sê, maar in die vorm van 'n elektroniese brief. Daar is geen tema nie, solank dit Kranspoort verwant is. Skrywers word egter versoek om die volgende in ag te neem: Geen swak taal, kwaadpraat, opstekery of politieke praatjies sal geplaas word nie.*

*"Stuur vir ons 'n briefie, ag toe, asseblieflie"…. vertel 'n lekker Kranspoort bosstorie of vra en verduidelik daardie moeilike, kontroversiële vraag of sê daai ding wat almal dink maar niemand sê nie. Vertel ons van jou buurman se kaskenades of wil jy net baie graag iets sê en niemand luister nie. Net wat jy wil, maar stuur daardie briefie.*

*Stuur asseblief jou brief na wandaunderhay@gmail.com - Red*

**Brief: Raai raai wie is dit?**

Dis reëntyd. Die bure is weg vir Desember. Die paddas hou partytjie in hul swembad. Elke nag hou hulle koor-uitvoerings. Ek sal moet stappe neem. Hierdie gekwaak kan ek nou nie meer uitstaan nie! Wat sal ek doen? Hulle van die gras afmaak kan ek nie. Ons is eko-vriendelik hier in Kranspoort. Ek het al probeer om hulle te vang en dan in die veld uit te gooi, maaar…. die paddas kom weer..DUS: al raad is om hulle een vir een te vang, in 'n emmer te gooi en dan doer ver in 'n dammetjie of spruitjie los te laat. Daar sal hulle maar van vooraf hul stringe eiers moet lê.

Ek moet nou fyn beplan. Eers stadig bekruip. Buk laag. Spoed en akkuraatheid met die uitskiet van my hand is belangrik. Siedaar! Ek het hom! Emmer toe! Nou vir die ander 48. Gelukkig is my bejaarde bene se spiere redelik soepel. As ek met n graaf kan spit sal my bene die op- en- af bukkery ook kan vat. Hmmm, ek dink ek moet n paddavang kompetisie begin. Ek gaan loshande die prys wen.

Skrywer onbekend

## Anzel praat oor buitelandse werknemers (vervolg van bladsy 2)

Omdat die Buitelandse werknemer, vir alle doeleindes, 'n permanente werknemer is, kan ek hom nie net afdank nie.

1. Hou 'n informele vergadering met die werknemer en stel vas of hy/sy wel 'n geldige werkspermit het.
2. Hou die notule van jou gesprek en laat die werknemer daarby teken.
3. Indien die werknemer se permit reeds verval het, stel hom dan skriftelik in kennis dat dit sy verantwoordelikheid is om aansoek te gaan doen vir 'n nuwe permit. Notuleer ook daardie gesprek en laat die werknemer daarby teken.

Sodra daardie tydperk verstryk en die Buitelander nie sy nuwe werkspermit kan toon nie, kan die volgende stap in die proses, nl. 'n algemene ongeskiktheids prosedure, 'n aanvang neem.

Wetgewing bepaal dat die werkgewer vir die werknemer 'n redelike tyd moet gee om vir hierdie permit aansoek te doen. Die voorstel is min of meer een kalender maand.

Sodra die tydperk verval, konsulteer weer met die werknemer. Notuleer die gesprek. Verduidelik aan die werknemer die proses wat gevolg is en dat sy dienste dus dienooreenkomstig getermineer word. Noem spesifiek dat die terminasie gebasseer is op die feit dat hy nie aan die nodige riglyne en vereistes van die Suid-Afrikaanse wetgewing voldoen nie.

Indien u enige verdere vra in hierdie verband het, rig asseblief 'n epos aan anzel@plslaw.co.za of skakel my gerus by 0615383471.

# DIE VOLGENDE DIENSTE IS OOK BESKIKBAAR

- STUUR KONTANT
- BETAAL REKENINGE
- KONTANT ONTREKKING
- LUGTYD
- PREPAID KRAG
- RICA SIMKAARTE








**BESTELLINGS VIR KOEKE, TERTE EN KLEIN KOEKIES KAN BY ONS GEPLAAS WORD**

073 898 7174 - David
073 282 7174 - Anthony
kudusminimarket@outlook.com

**Voorstelle van nodige produkte word aanvaar vir bestellings**


Maandae - Vrydae: 06:00 tot 18:00
Saterdae: 07:00 tot 18:00
Sondae: 08:00 tot 12:00
KUDU'S
Mini Market
Gesuiwerde water @ R1,50 per Liter
ONS VERKOOP
Groente & Vrugte
Koeksisters
Verskillende vleissoorte
Mopanie & Sekelbos hout
Gesuiwerde Water
Gas Bottels
Bestel jou gunsteling tydskrif enige tyd

## ***Die Bossalon***

*Die Bossalon nooi almal uit, ou en nuwe kliente. Vir die wat n nuwe voorkoms wil he, asook, bestaande kliente. Dankie, aan elkeen se ondersteuning die kuiers, kranspoorters is wonderlike kliente, ek sien uit na nog n jaar, om elkeen op haar beste te laat lyk!*

*Annie Venter*

*0798914666*






BFD advertensie